

OORDENKING: Lidmaatskap

(Uittreksels uit Rick Warren se boek "Die Doelgerigte lewe", bladsye 103-104 & 114-115)

In Efesiërs 2:19 staan: "Julle is dus nie meer vry van God af nie, nie bywoners nie, maar medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God".

Broer, Suster, jy word geroep om nie maar net te glo nie, maar om te behoort; om deel te wees van 'n groep mense wat in God Drie-enig glo. Van die begin af het God ons geskep om nie alleen te wees nie, maar om mense rondom ons te hê, om deel van 'n familie te wees. **Niemand kan God se doel alleen verwesenlik nie!**

Anders gestel: **Jou verhouding met God is wel persoonlik, maar God wil nie hê dat dit privaat moet wees nie.** In God se familie is jy met elke ander gelowige verbond, en ons sal vir ewig aan mekaar behoort.

As ons Christus volg, beteken dit dat ons behoort, en nie net dat ons glo nie. Ons is lede van Sy liggaam – die kerk. C.S. Lewis het gesê die woord lidmaatskap het 'n Christelike oorsprong, maar dat die lewe dit sy oorspronklike betekenis ontneem het. Winkels bied afslag aan "lede", en die reklamemense gebruik lede se name om adreslyste te skep. In kerke bestaan lidmaatskap dikwels verkeerdelik maar net daaruit dat jou naam by 'n lys gevoeg word – sonder enige vereistes of verwagtinge.

Daarteenoor het Paulus onder "lidmaatskap" van die kerk verstaan dat jy 'n noodsaaklike orgaan van 'n lewende liggaam word, 'n onmisbare, vaste deel van die liggaam van Christus. Dit is noodsaaklik dat ons weer die Bybelse betekenis van lidmaatskap herontdek en uitvoer. **Die kerk is 'n liggaam, nie 'n gebou nie; nie 'n organisme, nie 'n organisasie nie.**

Broer en Suster, ons weet dat ons liggaamsorgane hul funksies net kan verrig as hulle deel van 'n liggaam is. Dieselfde geld vir jou as deel van Christus se liggaam. Jy is vir 'n bepaalde rol geskep, maar **jy gaan die doel van jou lewe misloop as jy nie aan 'n lewende plaaslike kerk behoort nie.** **Jy ontdek tog jou rol in die lewe deur jou verhouding met ander mense.** Die Bybel sê in Rom 12:4-5: "Ons het baie lede in een liggaam, en die lede het nie almal dieselfde funksie nie. Net so is ons, al is ons baie, in Christus een liggaam, en almal afsonderlik lede van mekaar".

Sou 'n orgaan van die liggaam afgesny word, sal dit verskrompel en doodgaan. Dit kan nie op sy eie bestaan nie, en jy ook nie. **As jy van die liggaamsbloed van jou plaaslike kerk afgesny word, sal jou geestelike lewe verskrompel.** Dis waarom gerealde bywoning van dienste en ander byeenkomste saam met medegelowiges so belangrik is.

Wanneer ons in God glo, word God ons Vader. Ons word sy kinders, saam met ander Christene, en saam vorm ons as 'n geestelike familie, die kerk. **Jou geestelike familie is selfs belangriker as jou fisiese familie, want dit gaan vir ewig duur.** Ons families op aarde is 'n wonderlike gawe van God, maar hulle is tydelik en broos en word dikwels deur ekskeiding, ouderdom en uiteindelik die dood verbrokkeld. Daarenteen gaan ons geestelike familie die hele ewigheid lank bly bestaan. Dit is 'n veel hechter band as bloedverwantskap.

Broer, Suster, leef jou lidmaatskap uit. Wees deel van God se kerk, jou geestelike familie. Keer dat jou geestelike lewe verskrompel, deur die eredienste en ander byeenkomste soos omgeeggroeppe saam met medegelowiges gereeld by te woon. Daarsonder kan jy nie!

Ds Leon Tait



Maandblad

April 2009

2009 is die jaar van herlewning

Het jy geweet dat herlewning in jou kop begin?



Oor baie dinge het ons nie beheer nie, maar die een ding waaroer ons gelukkig beheer het, is oor wat in ons koppe aangaan. Ons gedagtes bepaal in groot mate die kwaliteit van ons Christenskap. Vernuwing begin in ons koppe, hoor wat sê Paulus in Rom 12:2: "*Nee, laat God julle van binne af nuutmaak. Laat Hy julle manier van dink verander sodat julle kan weet wat Hy van julle verwag.*

Ongelukkig is lidmate dikwels meer oor uiterlike dinge begaan as oor hul innerlike verandering. Om allerhande uiterlike dinge en godsdienslike rituele te doen, maak jou nie danig vroom nie (Kol 2:16-23). Geestelike vernuwing kom van binne, vanuit 'n mens se gedagte-wêreld wat onder nuwe bestuur gekom het. Die Heilige Gees is die Bestuurder van ons lewe, en Hy wil ons lewe in ooreenstemming bring met ons ons nuwe denke (wat in ons koppe aangaan). Ons denke is gevul met die grootheid van Christus en word gou sigbaar na buite. Hoor wat sê Paulus: ***Onthou, Hy is die Een met die mag. Hy sit op die oomblik op die ereplek langs God self in die hemel. Moenie toelaat dat dinge wat nie vir Jesus belangrik is nie, vir julle te belangrik word nie. Ek praat van tydelike, aardse dinge waarmee julle julle partymaal so kan besighou. Spandeer liewer al julle tyd aan dinge wat vir Jesus belangrik is. Dink daaroor na, praat daaroor, en doen dit!*** (Kol 3:2 Boodskap).

Die sleutel tot herlewning lê in ons gedagte-wêreld. God verander en bou ons lewe vanuit ons gedagtes of denke. Die groot vraag is of ons God toelaat om ons denke te beheer en te vernuwe? Waarmee vul ons ons denke? Waaroor dink jy die grootste deel van elke dag? Herlewning in die gemeente begin by wat in jou kop aangaan!

Ds Leon van Heerden

!! Onthou-Datums !!

- 6-9 April: 18:30 - Lydensweekbiduur
- 8 April: 10:00 - Seniors Herfstee & konsert
- 10 April: 08:00 - Nagmaal (Goeie Vrydag)
- 12 April: 09:00 - Opstandingsfees (Erediens)
- 15 April: Skole open
- 19 April: Gemeente-tee (direk na erediens)
- 20 April: Nasionale dag van gebed vir Suid-Afrika
- 21 & 28 April: 19:00 - Huweliksgesprekke 1 & 2



Die wisseling van Seisoene...

Here, U het die jare ingedeel in seisoene – afwisseling in die natuur sodat daar voortdurend verandering plaasvind. Nuwe lewe, groei, vrug, maar ook rus. Elke seisoen het 'n oorvloed van sy eie aard – hetsy sonskyn of reën, bloeiselpienk of herfsblaarbruin – die hele skepping jubel sy bestaan uit deur dit wat U daarin geskape het.

Ons beleef ook seisoene – vanaf babajare tot ons herfs- en winterjare. So het elke leeftyd ook sy eie mooi, sy oorvloed wat eie is aan dié tydperk. Dankie dat die lewe mooi is en dat ons dit kan geniet.

Ons het ook gevoelseisoene – maar dis meer dikwels as vier maal per jaar. Soms is ons in die hoogste vreugdes, dan in die diepste ellendes, dan weer op kalm en stil waters. Waar ons ook al is, U is daar – saam met ons, by ons en in alle omstandighede, in alle tye staan U ons by, is U ons God en Vader.

Dis so wonderlik om te weet dat U in altyd by my is en alles met my deel – dat U, ondanks die wisseling van seisoene, onveranderlik bly. Dat U getrou bly aan Uself, dat U ewige God is en bly. Dat, al verander ek en alles rondom my, U die Rots is wat vas bly staan, my Anker, my Hoop, my Redder.

Ek is so bly en dankbaar daarvoor dat ek wil jubbel in en oor U. Ek wil U vertel dat ek U baie liefhet, dat ek U in nederige afhanklikheid aanbid, dat ek U loof en eer met groot eerbied en ontsag, want u is 'n wonderlike God en Vader.

Amen

Huweliksvreugde



■ Vir almal:

- * *Wat verlief is*
- * *Wat verloof is*
- * *Wat beplan om te trou*
- * *Wat reeds getroud is, en jou huwelik beter en lekkerder wil maak!*

■ *Ses gesprekke wat jou verhouding vir altyd kan verander vind plaas op Dinsdae 21 en 28 April, 5, 12, 19, 26 Mei in die konsistorie om 19:00-20:30 (GRATIS!)*

■ 21 April: 8 groei-gewoontes en DVD snit:
dr Les en Leslie Parrot
(Kommunikasie 101)

■ 28 April: DNA van verhoudings; Sy en haar behoeftes en DVDsnit: ds L en L Parrot
(The foundation of every great conversation)

■ 5 Mei: Oop aand! Almal welkom!
DVD: Fireproof (uitstekende nuwe flikk)

■ 12 Mei: Funksionelestyle
en DVDsnit: Parrot (Your personal talk style)

■ 19 Mei: Bespreking van Parrot DVD:
The secret to Emotional Connection
When not to talk
The most important conversation you'll ever have

■ 26 Mei: Seksuele vervulling


■ Registreer by: Hannelie / Kobus: 072 245 7984 of (012) 330-3201

Lidmaatskapbediening

- Die lidmaatskapbediening se doel is om mense wat 'n heenkome vir sielsvoeding en versorging wil kry, met 'n warm hart en oop arms te ontvang. Dit sluit aan by die gemeente visie om vir mekaar, en ander, gedring deur die liefde van Jesus Christus, om te gee, lief te hê, aan hierdie visie voor te stel, en dit uit te leef.
- Die lidmaatskapbediening wil ook nuwe lidmate betrek by kleingroepe, taakspanne, kerkdienste en ander kerkverwante sake, om sodoende die geleendheid te skep vir geestelik groei.
- Daar is 'n gemeente bekendstellingsboekie beskikbaar om aan nuwe lidmate te gee t.o.v taakspanne en ander plekke waarby hulle kan inskakel. Die boekie bevat 'n beskrywing van die verskillende bedieninge, hul bedrywighede en kontak persone.
- 'n Kursus is beskikbaar waar persone hulle gawes en passies vir die saak van die Here kan ontdek en dit prakties in die gemeente kan uit leef.
- Indien u nog nie by die gemeente ingeskakel het nie, oorweeg dit om enige Sondag, na afloop van die erediens, by die hoof ingang van die kerk te kom dagsé en u besonderhede te verskaf, sodat 'n besoek aan u gebring kan word om u by die gemeente te laat inskakel.
- Lidmaatskapbediening leiers is Jan Landman (082 875 2879) en Gerrit Roux (082 4499 651).
- Lidmaatskapbediening bestaan uit een taakspan naamlik, taakspan vir Lidmaatskap, wat hanteer word deur Rita Conradie.



Taakspan vir Senior Lidmate



Versorging van Senior Lidmate:

- Die taakspan wil graag bystand verleen aan Seniors waar daar 'n behoeftte ontstaan het aan enige vorm van lewensbehoeftes.
- Seniors moet baie waaksam wees, want hulle is sagte teikens vir aanranding en berowing. Indien u hoegenaamd onveilig voel, stel ons asseblief dringend in kennis.
- Die taakspan het 'n rolstoel en krukke beskikbaar, sou dit benodig word.
- Kontak: Helga Barnard – (012) 331-0765

Geestelike behoeftes van Senior Lidmate:

- Die taakspan het 'n traktaat aan Seniors versprei om vas te stel wat hul geestelike behoeftes is. Indien u nie so 'n traktaat ontvang het nie, stel ons asseblief in kennis.
- Onthou die komende Pinksterdienste wat spesiaal vir u gereël is. Dit vind plaas vanaf 25 tot 29 Mei 2009, daagliks om 10h00, in die kerkgebou. Geliewe vroegtydig te laat weet indien u vervoer benodig.
- Indien u nie meer u Bybel kan lees nie, of vervoer na die erediens benodig, stel ons asseblief in kennis. Ons help graag.
- Kontakpersoon: Piet Barnard – (012) 331-0765

Sosiale behoeftes van Seniors:

- As u graag lekker wil kuier, kekkel en kou, kom sluit dan aan by die Kuierhoekie! Dit vind plaas elke Woensdag om 9h30 by die pastorie van Ds Rischmüller. Indien u nie meer in staat is om by die pastorie te gaan kuier nie, maar wel behoefté het daaroor, stel ons asseblief in kennis en reëlings sal vir u getref word.
- Daar is twee gratis konserte wat beplan word vir vanjaar. Hou gerus die Rietfluit maandblad dop in verband hiermee, en stel ons in kennis indien u 'n vervoerbehoefte het.
- Na afloop van die Pinkster word daar ook 'n wegbreak vir die Seniors beplan. Hieroor sal u betyds ingelig word, waarop u dan ook spoedig sal moet reageer, sodat die nodige reëlings vroegtydig getref kan word.
- Kontakpersoon: Sophie von Brandis – (012) 331-3993